06 Maart 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Brasilië en Argentinië

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Fokus op Afrika: Malawi

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Nuus
Nasionale en internasionale nuus

Prys-risikobestuur
Lang verkoopopsie-strategie (“Long put option strategy”)

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Droër toestande word in die eerste helfte van Maart oor die grootste deel van die land verwag, met ’n kans vir reën in suid-ooste, terwyl die voorspellings vir die tweede helfte van die maand heelwat beter lyk veral oor Noordwes en die oostelike dele van die land.

Tien-dae weervooruitsig: Brasilië

Droë weer word voorspel vir die gebiede waar die oes-proses van sojabone tans op volle dreef is.
Die gebied sal egter enige reën verwelkom aangesien mielie-aanplanting vandeesmaand moet geskied.



INTERNASIONALE

WEER

Tien-dae weervooruitsig: Argentinië

Goeie reënval in die ooste van die land sal die huidige groei van sojabone ondersteun. Die reënval kan egter die oes van mielies in die gebiede vertraag.



RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Oos-Vrystaat

Dorp	Maart Totaal 2020	Seisoentotaal 2019/2020	Maart 2018/2019	Maart 2017/2018
Bethlehem	10	336	72	145
Frankfort	12	558	74	309
Harrismith	26	416	48	108
Heilbron	13	550	69	178
Kroonstad	18	390	90	161
Marquard	4	289	104	152
Senekal	2	284	61	95
Theunissen	7	302	50	110
Ventersburg	12	420	69	118
Vrede	1	325	0	94

Wes-Vrystaat

Dorp	Maart Totaal 2020	Seisoentotaal 2019/2020	Maart 2018/2019	Maart 2017/2018
Allanridge	190	368	73	97
Bloemfontein	127	227	63	45
Bothaville	113	289	80	58
Bultfontein	113	289	48	89
De Brug	130	226	40	37
Losdoorns	224	386	56	74
Orkney	136	422	83	66
Viljoenskroon	90	349	171	58
Welkom	135	336	82	37
Wesselsbron	184	358	53	77

RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Mpumalanga

Dorp	Maart Totaal 2020	Seisoentotaal 2019/2020	Maart 2018/2019	Maart 2017/18
Amersfoort	108	322	168	93
Balfour	82	229	129	72
Bethal	126	317	95	84
Carolina	101	263	59	26
Delmas	151	531	118	61
Ermelo	187	640	94	98
Greylingstad	76	453	95	111
Hendrina	123	656	185	60
Middelburg	111	623	227	138
Morgenzon	252	884	228	22
Standerton	57	390	152	130
Wonderfontein	147	469	242	88

Noordwes

Dorp	Maart Totaal 2020	Seisoentotaal 2019/2020	Maart 2018/2019	Maart 2017/18
Bloemhof	73	192	99	63
Delareyville	113	296	11	98
Derby	99	316	64	115
Klerksdorp	149	478	104	64
Lichtenburg	71	263	79	178
Ottosdal	32	128	31	100
Potchefstroom	198	488	115	65
Regina	100	324	78	51
Sannieshof	54	233	10	19
Schweizer-Reneke	137	281	5	130
Ventersdorp	115	399	130	139

RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	Apr-20	Mei-20	Jul-20	Sep-20
PMB-invoerpariteit	R3 387	R3 241	R3 258	R3 118
Kaap-invoerpariteit	R3 180	R3 073	R2 987	R2 839
SAFEX geelmielies	R2 540	R2 540	R2 421	R2 485
Uitvoerpariteit	R2 442	R2 499	R2 333	R2 282

INTERNASIONALE

LANDBOU

FOKUS: Malawi

Mielies:

- Beperkte ou-seisoenvoorraad stimuleer mieliemeel-invoere vanaf Suid-Afrika.
- Na beraming word tussen 3000 – 4000 ton mieliemeel per week ingevoer.
- Die regering se eerste oesskatting is 9% hoër as die vorige seisoen se oes en word op 3,7 miljoen ton geskat.
- Jaarlikse verbruik word in die omgewing van 3 tot 3,2 miljoen ton geskat.
- Indien goeie reënval voortduur en die oes ondersteun, sal Malawi genoegsame voorraad vir hul jaarlikse verbruik produseer.

PLAASLIKE

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoer = 765 897 t
- Vorige week = 26 806 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 323 478 t
- Vorige week = 8 380 t
- Invoer = 477 671 t
- Vorige week = 0 t



WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid-Afrikaanse geldeenheid het vandeesweek 'n groot knou weg aangesien die land nou in ‘n tegniese resessie beweeg het.

Die tegniese analise dui egter aan dat die rand oor die kort termyn kan versterk, maar met die moontlikheid dat dit weer oor die lang termyn sal verswak.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Suid-Afrika is in 'n resessie!

Suid-Afrika se ekonomie het vir die tweede opeenvolgende kwartaal gekrimp. Die ekonomie het in die derde kwartaal met 0.8% verklein, gevolg deur ‘n verdere val van 1,4% in kwartaal vier.
Die land is nou amptelik in 'n tegniese resessie. Die sektore wat die grootste bydrae tot negatiewe groei gelewer het, sluit in die vervoer, opberging- en die kommunikasiesiesektore in wat --0.6% groei gelewer het.

Lees meer by:
https://www.moneyweb.co.za/news/south-africa/sa-enters-technical-recession/

Mening:
'n Resessie sal nie net die Suid-Afrikaanse geldeenheid onder druk plaas nie, maar sal bydra tot Moody's se besluit om Suid-Afrika na rommelstatus af te gradeer.

Reënvooruitsigte vir Suid-Afrika

Kanse vir reënval in die tweede helfte van Maart lyk belowend met 60% kans vir goeie reën wat tot in April kan val.

Volgens mnr. Johan van den Berg, klimatoog van Santam Landbou, is die kanse goed dat die eerste ryp eers in Mei sal voorkom. Hy meen ook dat neerslae in die winterreënvalgebiede laat sal plaasvind, eers ná die later as normale somerreënval tot ‘n einde kom

Lees meer by:
https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/winterreenseisoen-gaan-moontlik-laat-aanbreek-20200303

Mening:
Goeie reënval in Maart sal opbrengste ondersteun en plaaslike pryse onder druk plaas. Laat winterreënval sal die aanplanting van wintergraan belemmer en sodoende pryse ondersteun.

Coronavirus impak op Suid-Afrikaanse landbou

Suid-Afrika kan tot R39 biljoen aan uitvoere verloor weens die Coronavirus wat opslae maak in market wêreldwyd.. Asië - wat die middelpunt van die uitbreek is – is verantwoordelik vir 25% van die Suid-Afrika se totale landbou-uitvoere.

Suid-Afrikaanse produkte wat in Asiese lande verkoop word, sluit wol, vrugte, graan, drank, groente en rooivleis in.

Asië is ‘n belangrike mark vir landbouprodukte en China is die wêreld se tweede grootste invoerder van landbouprodukte.

Meer kan gelees word by:
http://www.farmingportal.co.za/index.php/all-agri-news/news-of-the-day/4006-south-african-farming-exports-could-take-a-r39bn-hit-from-the-coronavirus

Mening:
Minder uitvoere van landbouprodukte sal die ekonomie onder druk plaas en 'n kettingreaksie veroorsaak wat die landbousektor onder hewige druk sal plaas.

OPSOMMING

- Droë weer kan in die volgende week oor die hele land verwag word, wat moontlik ondersteuning aan graanpryse kan bied.
- Safex geelmielies handel steeds op uitvoerpariteit wat beteken dat die mark tans op 'n laagtepunt is en dat opwaartse prysbeweging steeds moontlik is.
- Die swakker rand het die week graanpryse ondersteun, en met aanduidings dat die rand verder kan verswak, wil dit voorkom of plaaslike graanpryse steeds ondersteuning kan vind.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Wat is ‘n lang verkoopopsie (“put opsie”)?
Die koper van 'n verkoopopsie koop die reg om voor die vervaldatum ‘n lang verkoopopsie teen ‘n vasgestelde trefprys (“strike price”) uit te oefen. Om die opsie te koop, betaal die koper ‘n premie.

Wanneer is die beste tyd om ‘n lang koopopsie-strategie uit te oefen?
Die beste tyd om ‘n koopopsie uit te oefen, is wanneer die koper van ‘n koopopsie glo die graanprys het ‘n hoogtepunt bereik, en verwag dat die markprys oor die lang termyn sal daal. Die koper sal dus geld verdien indien die graanprys laer as die vasgestelde trefprys verhandel.

Wat as die graanprys op vervaldag hoër as die vasgestelde trefprys sluit?
Indien die graanprys egter hoër as die trefprys is, verbeur die opsiekoper die premie waarteen die verkoopopsie aangekoop is.

Strategiekoste
Die koste van die verkoopopsie is afhanklik van die vlak waarteen die opsie aangekoop is.

Voorbeeld
Indien **koper A** sy graan teen ‘n trefprys van R2 460/t vasmaak en die verkoopopsie aankoop teen ’n premie van R155/t, en die graanprys daal tot R2 200/t, sal die koper geld maak deur die verkoopopsie uit te oefen.

Die koper maak dan ‘n wins van R260/t (R2 460-R2 200=R260/t) wanneer hy sy koopopsie uitoefen. Na aftrekking van die R155/t premie is die nettowins R 105/t (R260 - R155= R 105/t).

Sou die trefpys hoër wees as die koopopsie van R155/t, byvoorbeed R2 300/t, sal die lang koopopsie verval en die enigste koste vir die koper sal die koopopsiepremie van R155/t wees.

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga